Laerskool Montagu se weeklikse nuusbrief
montagu.prim@wcgschools.gov.za
www.laerskoolmontagu.net
023 614 1640

MONTIENUUS

10 Oktober 2024
OB 37

Beste Ouers

Die laaste kwartaal van 2024 het aangebreek – hoe ongelooflik dit ookal klink. Baie sterkte vir u en u kind vir die kwartaal.

U het saam met die leerders se rapporte 'n kwartaalverslag van kwartaal drie ontvang. Die belangrikste kwartaaldatums is daarin geplaas. Die skool se kalender is op d6 beskikbaar. Ek rig weer 'n ernstige versoek aan ons ouers om die d6-*app* op u fone te installeer en te gebruik. Die *app* gebruik baie min data. U sal sodoende op hoogte bly van die kwartaalprogram en dadelik weet indien enige datums verander. U word verder weekliks op hoogte gehou van die week se datums in die Montienuus. Die graad sewe eksamen begin op 18 November en graad vier tot ses op 20 November. Leerders sal betyds hul eksamen afbakenings en eksamenrooster ontvang.

Hou gerus ons kalender dop: Daar vind verskeie opwindende aksies plaas, soos die oupa- en oumadag, kultuuraand, blits krieketwestryde en ons mini-krieket sportdag.
Ouers en ander belangstellendes kan spanne inskryf vir die blitskrieket. Kontak asb. vir mnr. Charl de Beer vir meer inligting. Sien ook asb. ons *Facebook*-blad vir meer inligting hieroor.

Op 6 November vind die jaarlikse Algemene Ouer- en Begrotingsvergadering plaas. Die konsepbegroting van 2025 word aan die ouers voorgelê en terugvoer van die jaar word deur die beheerliggaam gegee. Alle ouers word uitgenooi na hierdie vergadering.

Alles van die beste vir die week.

Vriendelike groete

Jan Krüger
Skoolhoof

Maandtema:
Erkenning
BrainBuddy:
Selfdissipline help ons om te presteer en te volhard met uitdagings.

Geborg deur:
SPAR MONTAGU
volg ons op
sparmontagu
023 614 3080

BELANGRIKE DATUMS

Donderdag, 10 Okt	LSM Mini-krieket Sportdag
Vrydag, 11 Okt	Atletiek: Kwagga Top 10 Entrepreneurs: Ope GF boeke huis toe
Saterdag, 12 Okt	Atletiek: Kwagga Top 10 Overberg kriekettoernooi o. 13 (weg)
Maandag, 14 Okt	Tennis teen Swellendam (weg)
Donderdag, 17 Okt	Kultuuraand (18:30)
Vrydag, 18 Okt	Atletiek: BD's Top 10 Entrepreneurs: Prefekte

MONTIES INTERAKTIEWE TEGNOLOGIE UITSTALLING

Die Monties het Dinsdag, 8 Oktober 2024 gespog met hul gr.6-Tegnologie, gr. 7-NWT en Gr. 7-*Coding en Robotics* projekte.

Daar was 'n *buzz* van geluide soos leerders hul take aan mede-leerders en besoekers verduidelik het. Die leerders se entoesiasme en energie was aansteeklik.

KULTUURAAND

Tyd: 18:30

Toegang is gratis.

Monties wat nie deelneem nie, mag in gewone drag kom.

KAMPE

Ons leerders gaan hierdie kwartaal gereeld op kampe en ongelukkig beloop die kampe tussen R1 000 en R1 300 per kamp.

Ons wil baie gaag hê dat al die leerders die kampe moet bywoon, maar dit is vir baie nie moontlik nie, as gevolg van finansiële redes.

Indien daar ouers of lede van die gemeenskap is wat graag ‘n leerder vir ‘n kamp wil borg, kan die skool gekontak word.

MINI-KRIEKET UITSLAE

SPAN	UITSLAG	SPELER VAN DIE DAG
o. 7A	Wen 1, verloor 1	Luke Faro
o. 7B	Wen 1, verloor 1	Gia Jansen
o. 8A	Wen 1, verloor 1	Marno Thomson
o. 9A	Wen 2	Steyn Stemmet
o. 9B	Wen 2	André Lottering
o. 9C	Wen 1, verloor 1	Eden Klaasen

GIMNASTIEK

Gemma Cole and Mia Vorster het Maandag, 23 September deelgeneem aan die Suid-Afrikaanse Gimnastiek Kampioenskappe.

Baie geluk met puik prestasies.

<u>Uitslae is as volg:</u>

Gemma Cole: 12de (tumbling level 4)

Mia Vorster: 13de (tumbling level 4)

SPREEKKORE

Baie geluk aan die spreekkore van Laerskool Montagu wat baie goed presteer het en albei Goud ontvang het by die jaarlikse Montagu Jeugkunstefees.

Die graad 3 spreekkoor het 82% gekry vir hul gedig onder leiding van juffrou Lizenke de Kock. Die leerders in die junior spreekkoor is: Sophie Behm, Ellie Bussell, Caleb Daly, Elmore de Villiers, Sebastian du Plessis, Kaira Fluks, Erik Harms, Jayhm Jansen, Jaylen Plaatjies, Ben Rautenbach, Jean- Kate Smit, Tamay Strauss, Carla Swanepoel en Nanika van der Walt.

Die graad 7 spreekkoor het 88% gekry vir hul gedig onder leiding van juffrou Marna Otto. Die leerders in die senior spreekkoor is: Adri Bothma, Shawnley Brown, Emma Hahndiek, Tamar Hendricks, Jenö Jacobs, Miller Jacobson, Quindré Jantjies, Anslynn Jooste, Lincoln Joseph, Mieke Joubert, Luan Koekemoer, Doné Koker, Mariké-Mari McAlpine, Danielle Meyer, Owen Ngabaza, Caitlin November, Confidence Ramabulana, Amber Rossouw, Gailynne Saaiman, Nazli September, Carolina Smit, Mikayla Stuart, Ilke van Deventer, Christiaan van Eeden en Ruben van Niekerk.

Ons is trots op julle!

GR. 4-UITSTAPPIE

Die gr. 4-leerders was Maandag, 7 Oktober op hulle uitstappie na die Protea plaas. Die leerders het die trekkerrit vreeslik geniet en heelwat geleer oor die bergreekse en valleie wat van bo, van die berg af gesien kan word.

TENNIS

Josua du Toit het gedurende die vakansie deelgeneem aan die Boland Tennis Meesterstoernooi op Worcester.
Hy is as die o. 11-wenner aangewys. Baie geluk!